higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 4

21 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 D
1.3 A
1.4 D
1.5 B
1.6 A
1.7 B
1.8 C
1.9 D
1.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Waar
2.6 Waar
2.7 Onwaar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 C
3.2 A
3.3 D
3.4 E
3.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 wetstoepassing
4.2 NATMAP
4.3 Vervoer-
4.4 Arbeidskrag-
4.5 Pakhuise

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Verminder vervoerkoste
- Oplossing vir Suid-Afrika se verslegtende pad-infrastruktuur
- Minimaliseer die skade wat vragmotors aan paaie aanrig
- Minder padongelukke
- Die gehalte van padinstandhouding sal verbeter.
- Stel uitvoerders van landbouprodukte in staat om produkte in grootmaat na naaste hawens te vervoer
- Kweekhuis-emissies word beperk. (Enige 4 × 2) (8)

5.2
- Om die land se onderpresterende spoorwegstelsel te hervorm deur ruimte vir investering deur die private sektor te maak.
- Om konsessies op spesifieke spoorlyne aan private operateurs toe te staan om mededinging aan te moedig
- Om private maatskappye toe te laat om hul eie spoorvoertuie (‘rolling stock’) te voorsien. (Enige 2 × 2) (4)

5.3
- Moedig die samewerking en deelname aan van belangstellende en geaffekteerde partye om spoorwegveiligheid te verbeter.
- Maak voorsiening vir en bevorder veilige spoorwegbedrywighede.
- Herken die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid van operateurs om die veiligheid van spoorwegbedrywighede te verseker.
- Fasiliteer ’n moderne, buigsame en doeltreffende regulatiewe regime.
- Bevorder die harmoniëring van die spoorwegveiligheidsregime van die Republiek.
- Bevorder die bereiking van sodanige oogmerk deur ’n geskikte regulatiewe instelling te vestig. (Enige 3 × 2) (6)

5.4 Transnet (1)

5.5
- Swak gehalte van bates wat veiligheid en die omgewing benadeel, veral in die spoorwegsektor
- Die oordrewe mededingende padvrag-omgewing en die gevolglike swak bategehalte van klein padvervoerondernemings
- Die swak gehalte van spoorvoertuie en houerhantering-toerusting by hawens wat tyd en koste nadelig raak
- Die swak toestand van sekondêre paaie wat padveiligheid vir gebruikers kompromitteer
- Die bedryfskapasiteit van sommige SBO's wat daarvoor verantwoordelik is om die bedryf te reguleer
- Oorvleueling van regulatiewe funksies en swak omskrewe rolle en verantwoordelikhede
- Gebrek aan voldoende oudit- en inspeksiekapasiteit en effektiewe wetgewende bevoegdheid om regulatiewe funksies af te dwing
- Sommige monopolieë is in staat om sonder doeltreffende regulatiewe staatsoorsig te funksioneer en kan uiteindelik sowel speler as skeidsregter wees, byvoorbeeld in die geval van hawebestuur.

Kopiereg voorbehou

- Swak ekonomiese bekwaamheid en hoë tariewe wat uit 'n gebrek aan regulering en billike mededinging spruit
- Veiligheids- en bedryfsprosedures, veral in spoorvervoer, word dikwels ingestel en ontwerp om vir infrastruktuur en bates voorsiening te maak wat swak in stand gehou en oud is.
- Beleide en regulering is nie altyd belyn met nasionale belange nie.
- Swak batebenutting, deels weens ondoeltreffendheid van operateurs en kapasiteitsbeperkings
- Transnet se swak finansiële prestasie wat tot swak bate-investering lei

(Enige 3 × 2) (6)
[25]

VRAAG 6

6.1
- Die verskaffer moet vooraf besluit of die onderneming die vereiste werklas kan hanteer en die nodige hulpbronne het om die werk te verrig.
- Die onderneming het die nodige ervaring en kundigheid en sal in staat wees om goedere en dienste van die regte gehalte te lewer.
- Die onderneming is in 'n posisie om die goedere of dienste in die gespesifiseerde tydperk te lewer. (Enige 2 × 2) (4)

6.2
- Moderniseer die finansiële bestuurstelsel in die openbare sektor.
- Stel bestuurders in die openbare sektor in staat om te bestuur, maar terselfdertyd meer aanspreeklik gehou te word.
- Verseker die tydige voorsiening van gehalte-inligting.
- Elimineer vermorsing en korrupsie in die gebruik van openbare bates. (4 × 2) (8)

6.3 6.3.1
- Vraghouers
- Goedere van hoë waarde
- Motors (Enige 2 × 1)

6.3.2
- Vraghouers
- Grootmaatgoedere
- Motors (Enige 2 × 1)

(2 × 2) (4)

6.4
- Verskaffer van grondstowwe
- Vervaardiger
- Verspreider
- Groothandelaar
- Kleinhandelaar
- Kliënt (Enige 3 × 1) (3)

6.5 Vaste koste verander nie, maar bly konstant, terwyl veranderlike koste verander volgens die aantal produkte wat geproduseer word. (4)
[23]

VRAAG 7

7.1
- Verhoogde markaandeel – Indien maatskappye met produkte wat nie met mekaar meeding nie en wat geografies goed geposisioneer is, kragte saamsnoer, kan dit moontlik wees om markte wat voorheen moeilik bereikbaar was te ontwikkel of toegang daartoe te verkry.
- Elimineer duplisering – Samewerking tussen alle partye in 'n voorsieningsketting kan die duplisering van administratiewe en beheeraktiwiteite beperk.
- Stelsel-integrasie en intydse data-uitruiling – Die uitruiling van akkurate data kan voorsieningskettingbestuurders in staat stel om hulpbronne beter te beplan, te skeduleer en te beheer.
- Alliansies – Sinergieë kan bereik word wanneer twee of meer maatskappye 'n alliansie vorm om munt te slaan uit die potensiële voordele van sakeomgewings, werksaamhede, markte of strategieë.
- Samewerkende ooreenkomste – Twee ondernemings wat in verskillende streke geleë is, kan saamwerk om reserwekapasiteit met betrekking tot afleweringsvoertuie te benut. (Enige 2 × 2) (4)

7.2 Die groei in verbruikerbewustheid en bemarking van uitgebreide produklyne om in die groeiende verbruikervraag na 'n verskeidenheid produkte te voorsien, stimuleer mededinging onder verskaffers. Hulle word gedwing om die beste waarde aan verbruikers teen die laagste pryse te voorsien. Gevolglik moet verskaffers die voorsieningskoste verlaag om mededingend te bly. Benewens produksiekoste moet voorraad- en vervoerkoste verlaag word om mededingend te bly. (3)

7.3 7.3.1 Verwys na koste om kliëntebestellings uit te voer, insluitend die neem van bestellings, kliëntediens, verskeping en produknasporing om lewering te verseker

7.3.2 Verwys na alle koste wat met die stoor van goedere verband hou. (2 × 2) (4)

7.4 **INKOMSTESTAAT VAN EMPHANGENI LOGISTICS VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2023**

Verkope		✓2 000 000
Koste van verkope		✓ (600 000)
Bruto wins		✓1 400 000
Minus uitgawes		✓ (690 000)
Salarisse	✓300 000	
Brandstof	✓250 000	
Instandhouding	✓80 000	
Skryfbehoeftes	✓10 000	
Elektrisiteit	✓30 000	
Tolgeld	✓20 000	
Netto wins		✓550 000

(11)

(4)

7.5
- Verhoog verkoopsvolume.✓
  - Verbeter reklame en bemarking.
  - Verkoop in gebiede wat nie voorheen gedek is nie.
  - Verhoog kliënttevredenheid deur produkgehalte te verbeter.
  - Verlaag die prys tot ’n vlak wat laer is as die mededinging se pryse.
  - Bied lonende verkoopsvoorwaardes of krediet wat potensiële kliënte kan oorhaal.
- Verhoog die prys. ✓
  - Dit kan slegs gedoen word in gevalle waar daar ’n skaarste aan die produk is.
  - As die produkgehalte hoër as die mededinger se produkgehalte is, kan gebruikers bereid wees om ’n hoër prys te betaal.
  - Sluit die koste van naverkoopdiens by die prys in.
- Verlaag koste.
  - Verlaag produksiekoste per eenheid.
  - Verminder voorraaddrakoste per eenheid.
  - Verminder vervoer- en materiaalhanteringskoste.
  - Verminder die koste om bestellings te verwerk.
  - Verlaag bestuurs- en bokoste.
  - Verlaag voorsieningskettingkoste. (Enige 2 × 2)

[26]

VRAAG 8

8.1
- Politieke of regskwessies
- Sosio-ekonomiese of sosiokulturele kwessies
- Ekonomiese kwessies
- Tegnologiese kwessies
- Omgewings- en aardverwarmingskwessies (Enige 2 × 1) (2)

8.2
- Verlaag vervoerkoste.
- Struktureer die optimale verspreidingsnetwerk vir spesifieke produkte.
- Verminder lewertyd.
- Verbeter kliëntediensvlakke.
- Verbeter produkbeskikbaarheid.
- Verlaag koste van veiligheid en sekuriteit.
- Laat maatskappye toe om op hul kernbesigheid te fokus.
- Verseker goed opgeleide en korrek gelisensieerde voertuigbestuurders.
- Verklein buitensporige inventarisse. (Enige 4 × 2) (8)

8.3
- Strategiese bestuursplan – Dit is gegrond op die maatskappy se missie en visie en bied ’n langtermyngids aan senior bestuurders van ’n maatskappy. Strategiese planne hou in gedagte waar die maatskappy oor drie, vyf of selfs tien jaar wil wees.
- Taktiese bestuursplan – Dit ondersteun strategiese planne deur die doelstellings van die plan te interpreteer en spesifieke planne op te stel wat relevant is vir bepaalde areas of afdelings in die maatskappy. Byvoorbeeld, gebaseer op die strategiese doel om produktiwiteit en winsgewendheid te verbeter, sal die taktiese bestuursplan maniere insluit om pakhuisverkeer te verbeter of dit oorweeg om beter toerusting te koop wat arbeidskoste kan verlaag en winsgewendheid kan verhoog.
- Operasionele of bestuursplan – Dit is gefokus op die werk van die frontlinie- of intreevlakbestuurders. Byvoorbeeld, ’n operasionele bestuursplan kan aspekte soos werkskedulering, beoordeling, bestelling en voorraad insluit; asook die ontwikkeling van ’n maandelikse begroting vir ’n spesifieke tydperk om die verkope van ’n bepaalde produk te verhoog; of uiteensetting van ’n werknemer se prestasiedoelstellings vir die jaar.

(Enige 3 × 4) (12)

8.4
- Musina
- Polokwane
- Mbombela (Nelspruit)
- Pietermaritzburg
- Kimberley
- Mmabatho
- Saldanha
- Bhisho

(Enige 2 × 1) (2)

8.5
- Namibië
- Botswana
- Zimbabwe
- Mosambiek
- Swaziland
- Lesotho

(Enige 2 × 1) (2)

[26]

VRAAG 9

9.1 9.1.1 Dit is wanneer ’n land goedere en dienste aan ander lande verkoop. (2)

9.1.2
- Die geldeenheid waarmee goedere gekoop word
- Die wisselkoers van die geldeenheid
- Algehele aanbod en vraag
- Invoertariewe en heffings wat deur plaaslike doeane opgelê word
- Wetgewing wat spesiale permitte kan noodsaak
- Seisoenale faktore
- Modegiere

(Enige 4 × 2) (8)

9.1.3
- Goud
- Steenkool
- Ystererts
- Chroom
- Platinum
- Motorvoertuie en -onderdele (Enige 2 × 1) (2)

9.2
- Verbeterde geïntegreerde logistiekbestuur
- Verbeterde operasionele doeltreffendheid
- Hoër vlakke van produktiwiteit
- Bespaar koste
- Groter kliëntbevrediging (Enige 4 × 2) (8)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou